

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 3/2023**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 3/2023**

FIDE ET AMORE

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

**"If you can dream it, you can do it."** Dit was die etos waarvolgens Walt Disney nie net geleef het nie, maar ook kinders en volwassenes aangemoedig en geïnspireer het om hul drome na te streef; om te **"dog it and work at it until it's done right."**

Vanaf 28 tot 31 Augustus is Paarl-skool weer eens betower en geïnspireer, nie alleen deur Walt Disney se werke nie, maar veral deur die bekwame wyse waarop ons personeel ons leerders dié boodskap op die verhoog lewe gegee het. My hartswens is dat elkeen in Paarl-skool nie net 2023 se konsert nog lank sal onthou nie, maar ook sal bly glo in hul drome. Die uitdaging om jou drome na te streef lê in nog 'n aanhaling van Walt Disney: **"Just make sure you never do less than your best".**

Vergun my om aan die einde van hierdie kwartaal vir die personeel van Paarl-skool te bedank vir hul ywer,



Ons verwelkom ons nuut aangestelde skoolhoof: Mev. Annaline Norman. Baie geluk met jou aanstelling en sterkte met die groot taak wat jy reeds met passie en sukses uitvoer.

deursettingsvermoë, kreatiwiteit, onbaatsugtigheid en veral vir hul omgee. Ek kan voorwaar getuig dat hulle niks minder as hul beste vir die skool gee nie, hetsy dit tydens die konsert, in die klas, op die sportveld, in die koshuis of waar ookal is nie.

Geniet die kort vakansie saam met u kinders, voordat ons die laaste kwartaal van 2023 aanpak.

Groete
Annaline Norman




# Waarde
**van die kwartaal**



## OMGEE

- vriendelikheid betoon
- besorgdheid oor ander
- hulpvaardigheid
- liefdevol
- simpatiek
- onselfsugtig



Juvan Yzelle



Zinray Buis

# Hoofleiers

## DERDE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*

# Landsdiens

Die Landsdiensleerders het hierdie kwartaal se aktiwiteite baie geniet. Die hoërskoollede het 'n kamp bygewoon en sneeuballe gemaak. Ons lede het ook Intaka Eiland besoek waar hulle meer oor voëls geleer het en 'n heerlike bootrit geniet het.

Chané van de Venter (opvoeder) en Tiago De Oliveira in Graad 7E is gekies om die Wes-Kaap te verteenwoordig by die Landsdiens Nasionaal wat in Desember in Mpumalanga gehou word. Baie geluk, ons is trots op julle!









# Kultuur

## Paarl Vallei Eisteddfod

41 kunswerke is in die Visuele Kuns-kategorie ingeskryf.

- ✓ 4 Goud+
- ✓ 10 Goud
- ✓ 12 Silwer+
- ✓ 14 Silwer
- ✓ 1 Meriete
- ✓ 1 Kategoriewenner



Divan Kotze was die kategoriewenner vir Visuele Kuns Gr.6.

Kiara Swartz Gr.6 het Cum Laude ontvang vir kreatiewe skryfwerk. Sy het een van haar eie gedigte ingestuur. Sy is ook die kategoriewenner vir Kreatiewe Skryfwerk Intermediêre Fase. Dankie aan mnr. Sheldon Cummins wat haar bygestaan het in hierdie kreatiewe proses.



*Geluk met julle uitstekende uitslae. Welgedaan!*

## Koor

Ons koor het deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Skoolkore Eisteddfod en het 1ste in die Wes-Kaap en 2de in Suid-Afrika geëindig in die Spesiale Behoefte kategorie. Welgedaan! Dankie aan mee. Ronel van Dijk en Anthea Norman vir julle harde werk en toewyding. Ons waardeer julle!



# Sport

## Boccia



BC3 Boccia-atleet Elanza Jordaan en haar geutoperateur Sandré Jordaan het hul Protea-kleure verwerf met hul deelname aan die 2022 Wêreld Boccia-kampioenskappe in Rio de Janeiro. Elanza het ook gekwalifiseer vir die Paralimpiese Spele in 2024. Paarl-skool is baie trots op hulle! Baie geluk met hierdie prestasie.

Reinet Barnard (fisioterapeut) is genooi om 'n Internasionale Boccia-skeidsregter te wees by die Wêreld Boccia 2023 Povoa de Varzim Wêreldkampioenskappe in Portugal in Oktober 2023.

## Rolstoelbasketbal



Super trots op Rethabile Njengele en Zack Patience wat gekies is vir die Westelike Provinsie Rolstoelbasketbalspan. Mnr. Furlon Isaacs sal deel van die bestuur wees.

## Para Tafeltennis



Lyn-Neigh Spagenberg is gekies om deel te wees van die Wes-Kaap Para Tafeltennisspan. Sy sal aan die SATTB Nasionale Kampioenskappe deelneem wat van 27-30 September 2023 in Kaapstad gehou word.

## Landloop

Drie van ons atlete het die Kaapse Metro verteenwoordig by die Wes-Kaapse Landloopkampioenskappe in George; Kalista Earley, Kiara Swartz en Tatiana Kock. Me. Elsabé Pienaar was een van die spanbestuurders terwyl me. Ronel van Dijk die Wes-Kaapse atletiekbestuur verteenwoordig het. Baie geluk aan Kalista Earley (3de) en Tatiana Koch (4de) wat gekies is vir die Wes-Kaap Landloopspan om aan die einde van September in Polokwane aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deel te neem.







# “Paarl School goes Disney”

Paarl-skool se konsert was niks minder as 'n magiese reis deur die wonderlike wêreld van Disney nie. Hierdie spesiale opvoering het die talente en toewyding van ons leerders, opvoeders en versorgers ten toon gestel met die uitbeelding van die geliefde Disney-karakters en -stories.

Die sentrale storielyn het Mickey, wat sy geheue verloor het, op 'n hartroerende avontuur saam met sy vriende Minni en Pluto geneem om dit te herwin.







Die konsert het bestaan uit ongelooflike mooi en kreatiewe tonele wat deur verskeie geliefde Disney-rolprente geïnspireer is. Dit het begin met 'n reis na Hawaii om Lilo en Stitch te besoek wat deur die Voorskoolse Fase opgevoer is. Stitch, die geliefde blou “alien” en sy vriende, het met hul kitare en danspassies 'n vertoning gelewer wat die gehoor staande laat saamklap het. Die energie en entoesiasme van die kinders was aansteeklik. Die genot wat hulle op die verhoog uitgestraal het, sal die gehoor nog lank onthou. Elvis, die koning van “rock” sou beïndruk gewees het met die uitbeelding van sy treffer: “Jailhouse rock!” Raponsie, met haar pragtige lang vlegsel, het die gehoor vanuit haar toring betower met haar nagtegaal stem.







Aladdin (Grondslagfase) met die nimlike Jasmines en towertapyte het die gehoor met magie en humor vermaak en Frozen (Funksionele Fase) het ons na die ysige koninkryk van Arendelle geneem. Elsa se kragtige vertolking van "Let it go" was hoendervleis mooi en het die gehoor in haar ysige greep meegevoer, terwyl die innige band tussen Anna en Elsa almal se harte warm laat klop het.






WOW!



Die uitbeelding van 'n hewige sneeustorm deur leerders in rolstoele het die gehoor omtrent na hulle asems laat snak. Cruella de Vil, een van Disney se mees ikoniese skurke in 101 Dalmations (Funksionele Fase), het 'n dramatiese verskyning gemaak wat koue rillings teen konsertgangers se ruggrate laat afgly het. Haar boosaardige teenwoordigheid en soeke na die skatlike hondjies het almal op die punte van hul stoele gehad!

'n Pragtige lied van Pocahontas het die saal gevul met 'n gevoel van eenheid en harmonie. Die opvoering het die belangrikheid van natuurbewaring, respek vir verskillende kulture en hoop beklemtoon!





Die geveg tussen Hercules en Hades (Intermediêre Fase) het gesorg vir baie vermaak. Die komiese wedywering tussen die held en die skurk het die gehoor laat skaterlag. Hierdie humoristiese kinkel het 'n paar onvergeetlike oomblikke op die verhoog opgelewer. Hercules se manewales het sake bemoeilik met die pragtige Meg, tog was sy bereid om liefde weer 'n kans te gee!





Die Senior Fase se uitbeelding van Lion King het ons na die hart van Afrika geneem. Die verhoog het lewe gekry met sielsroerende liedjies uit die rolprent, helder kleure, kreatiewe kostuums en pragtige dekor.

Ter afsluiting betuig ons ons opregte dank aan almal wat "Paarl School Goes Disney" moontlik gemaak het, insluitend Niel le Roux, wie se kundigheid in opname en klankredigering van onskatbare waarde was. Spesiale dank aan Ronel van Dijk, vir haar leierskap en kreatiwiteit met die storielyn en uitstekende samevoeging van al die tonele.
Hierdie Disney-extravaganza was nie net 'n konsert nie; dit was 'n viering van drome, verbeelding en die blywende betowering van Disney. Van komiese gevegte tot majestueuse Afrika-landskappe, "Paarl School Goes Disney" was 'n reis wat ons almal vermaak, geïnspireer en met herinneringe van lag en verwondering gelaat het. Paarl-skool het werklik die onmoontlike moontlik gemaak en ons almal daaraan herinner dat met spanwerk en vasberadenheid drome wel waar word.

# ONS VIER PAARL-SKOOL

## 45 jaar

# Bronnesentrum Indaba

Paarl-skool is ‘n bronnesentrum vir 28 voldiensskole in ons distrik en het op 29 Julie hierdie skole uitgenooi en die geleentheid gebied om hul bekommernisse en behoeftes met ons te deel en saam oplossings te ondersoek vir hul probleme om leerders met spesiale behoeftes in hul hoofstroomskole te ondersteun. Onderwysers het gedeel wat in hul klasse werk en suksesse is gevier. Mev. Berenice Daniels, Direkteur: Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwysondersteuning, en lede van haar direktoraat, sowel as personeel van Metropool-Oos Onderwysdistrik, het dié indaba bygewoon. Dr. Gillian Arendse, kernfisikus, het 'n toespraak gelewer oor ***Onderwysers as agente van verandering***. Dankie aan die 30 personeellede van Paarl-skool wat die dag gefasiliteer het. Julle het ons trots gemaak!









# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Dit was ‘n baie geseënde en bedrywige kwartaal 3 vanuit die PSOS-kantoor!

### Sosiale media

Volg asseblief die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se Instagram- en Facebookblad. Help ons om dit te laat GROEI: "like", "share" en lewer (positiewe) kommentaar op ons plasings. Dit gaan ons help om ‘n goeie bemarkingsplatform (as ‘n dankie-sê) vir ons donateurs te skep.

### Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met u **SchoolDays** (Dis-Chem) en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die “swipes”! Baie dankie, Schooldays en MySchool vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.

Sluit aan by MySchool

Kies Paarl-skool as ‘n begunstigde

FOLLOW

SHARE

### Kontakbesonderhede

**Martie Wilmot:**
ontwikkeling@paarlskool.org.za
**Elizbè van der Colff:**
psos@paarlskool.org.za
021 981 3756

## Loslitdag

Loslitdag is vanjaar op Vrydag 1 September gevier. Paarl-skool neem al vir meer as twintig jaar deel aan hierdie projek, wat ‘n fondsinsamelings en bewusmakings inisiatief is van die Nasionale Raad vir Gestremdes. Altesaam drie en twintig skole en dertig besighede het Paarl-skool ondersteun met loslitdag! Vir elke R20 plakker wat via ons verkoop is, ontvang ons R9. Die Paarl-skool leerder wat die meeste plakkers verkoop het, was Megan de Jager, wat ‘n verstommende 315 plakkers verkoop het. Kort op haar hakke was Christiaan van Rooy en Tatiana Kock. Die onderwyser wat die meeste plakkers verkoop het, was Lehandri de Necker en die klas met die hoogste plakkerverkope was die graad 5A-klas. Goeie spanwerk! Dit was ‘n heerlike dag! Leerders en personeel kon aantrek volgens die tema #ShareASmile. Die PSOS het ‘n totaal van 520 lekkergoedpakkies gepak en aan elke leerder en personeellid geskenk. Almal het dit baie geniet.






Paarl-skool het ook die trofee gewen vir die meeste Loslitdag plakkerverkope in die Wes-Kaap in 2022. Baie dankie aan ons getroue ondersteuners wat hierdie moontlik gemaak het.

RSG 100-104 fm


Ronel van Dijk en Elizbè van der Colff het die geleentheid gehad om onderskeidelik oor Paarl-skool en die Paarl-skool Ontwikkelingstigting te praat tydens onderhoude met die bekende RSG-omroeper, Fanie du Toit op die program, **Die leefwêreld van die gestremde**. Dankie Fanie du Toit vir hierdie wonderlike blootstelling wat ons hiermee kry. Meer onderhoude gaan volgende kwartaal volg. Hou gerus ons sosiale media dop.

## Korporatiewe donasies

Artikel 18A belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.

## Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien ‘n lekker geldjie hiermee!



## Pick-a-Pearl

Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.



## Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skool leerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.